SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JUNIE EKSAMEN
GRAAD 12

2024

REKENINGKUNDE

(VRAESTEL 1)

TYD: **2 uur**

PUNTE: **150**

REKENINGKUNDE V1

C2711A

X05

12 bladsye + 1 formuleblad en ’n antwoordboek van 10 bladsye

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies deeglik en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. 'n Finansiële Aanwyser Formuleblad is aan die einde van die vraestel aangeheg. Die gebruik van dié formuleblad is NIE verpligtend NIE.
4. Toon ALLE berekeninge om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Waar van toepassing, toon ALLE berekeninge tot EEN desimale punt.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n gids wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Staat van Omvattende Inkomste, Notas en Staat van Finansiële Posisie	65	52
2	Kontantvloeistaat en Interpretasie	40	32
3	Ontleding en Vertolking van Finansiële Aanwysers	35	28
4	Ouditverslae en Korporatiewe Bestuur	10	8
TOTAAL		**150**	**120**

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

VRAAG 1: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE, NOTAS EN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (65 punte; 52 minute)

1.1 MAATSKAPPY KONSEPTE

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n term/konsep in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.1.1 Direkteur	A Verantwoordelik vir die uitspreek van 'n mening oor die finansiële state van 'n maatskappy
1.1.2 IFVS (IFRS)	B Eienaars van die maatskappy
1.1.3 Onafhanklike ouditeur	C 'n Verkose lid van die raad verantwoordelik vir die bestuur van die maatskappy en implementering van beleid
1.1.4 Aandeelhouers	D Riglyne vir die opstel van finansiële state om konsekwentheid te verseker

(4 x 1) (4)

1.2 JONTY BEPERK

Die volgende inligting rakende Jonty Beperk. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2024.

GEVRA:

1.2.1 **Verwys na Inligting C.**

Bereken die ontbrekende bedrae wat met **(i)** tot **(iv)** op die Vastebatenota aangedui word. (10)

1.2.2 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. Sekere bedrae is reeds ingevul in die Inkomstestaat. (28)

1.2.3 **Verwys na Inligting D.**

Voltooi die Gewone Aandelekapitaalnota. (7)

1.2.4 Voltooi die Ekwiteit en Laste afdeling van die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 29 Februarie 2024. (16)

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

INLIGTING:

A. Uittreksel van 'n lys saldo's/totale op 29 Februarie 2024:

Balansstaat Rekeninge Afdeling	**R**
Gewone aandelekapitaal	6 600 000
Behoue inkomste (29 Februarie 2024)	**?**
Grond en geboue	7 890 720
Verbandlening: ZX-Bank	1 609 000
Voertuie	452 000
Toerusting (1 Maart 2023)	790 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 Maart 2023)	236 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Maart 2023)	710 000
Handelsvoorraad	1 230 000
Voorsiening vir oninbare skuld	22 000
Krediteurekontrole	774 290
Aandeelhouers vir dividende	**?**
SAID: Inkomstebelasting (Voorlopige betalings)	150 000
Nominale Rekeninge Afdeling	
Verkope	3 345 000
Koste van verkope	2 787 500
Salarisse en Lone	921 268
Ouditfooie	76 000
Direkteursfooie	1 540 000
Diverse uitgawes	292 330
Kommissie inkomste	82 600
Oninbare skulde	14 100
Oninbare skulde ingevorder	3 260
Huurinkomste	208 250
Verpakkingsmateriaal	3 700
Rente op vaste deposito	27 000
Gewone aandele dividende	55 000

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
SA EXAM PAPERS
Blaai om asseblief

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

B. Addisionele inligting en aansuiwerings:

(i) 'n Kredietnota vir R14 400 is op 29 Februarie 2024 uitgereik vir goedere wat deur 'n klant, P. Mahlangu teruggestuur is. Goedere is verkoop teen 'n winsopslag van 20% op kosprys. Geen inskrywing is vir hierdie transaksie gemaak nie.

(ii) Voorraad voorhande volgens die fisiese voorraadopname op 29 Februarie 2024:

- Handelsvoorraad R1 239 000
- Verpakkingsmateriaal R980.

(iii) 'n Debiteur, Z. Smith is insolvent verklaar. Haar boedel het 55c in elke rand betaal. 'n Bedrag van R660 is ontvang en geboekstaaf. Die balans van haar rekening moet as oninbaar afgeskryf word.

(iv) Voorsiening vir oninbare skulde moet aangepas word tot R21 220.

(v) Die perseel is die afgelope vyf jaar verhuur. Die huur vir Maart 2024 is reeds ontvang en geboekstaaf. As gevolg van noodsaaklike opknappings is die huur vir slegs drie maande, vanaf April tot Junie 2023 met 25% per maand verminder.

(vi) 'n Debiteur met 'n kredietsaldo van R10 900 moet oorgedra word na die Krediteuregrootboek.

(vii) Die maatskappy het drie direkteure wat dieselfde maandelikse fooi verdien. Twee direkteure is vanaf 2022 in diens en 'n nuwe direkteur is op 1 September 2023 aangestel. Een direkteur het oorsee gegaan en is slegs tot 31 Desember 2023 betaal. Voorsien vir die uitstaande direkteursfooie.

(viii) Die leningstaat ontvang vanaf ZX Bank op 29 Februarie 2024 toon die volgende:

	R
Saldo aan die begin van die finansiële jaar	2 509 000
Terugbetalings per maand (rente ingesluit)	75 000
Rente gekapitaliseer	**?**
Saldo aan die einde van die finansiële jaar	1 984 000

LET WEL:

- Die rente en terugbetalings van die lening sal dieselfde bly vir die volgende finansiële jaar.

(ix) **SAID Inkomstebelasting:**

R17 000 is nog betaalbaar aan SAID.

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
SA EXAM PAPERS
Blaai om asseblief

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

C. Onvolledige Vastebatenota en addisionele inligting:

	GROND EN GEBOUE	VOERTUIE	TOERUSTING
Drawaarde aan die begin van die jaar		416 000	
Kosprys	**(i)**		790 000
Opgehoopte waardevermindering		(236 000)	(710 000)
Bewegings			
Toevoegings teen kosprys	1 500 000	0	150 000
Verkope teen drawaarde		**(ii)**	0
Waardevermindering		(83 200)	**(iv)**
Drawaarde aan die einde van die jaar	7 890 720	**(iii)**	
Kosprys	7 890 720	452 000	
Opgehoopte waardevermindering		(247 200)	

- Grond en geboue is aangekoop gedurende die finansiële jaar vir R1 500 000. Dit is behoorlik geboekstaaf.
- Waardevermindering op voertuie word bereken teen 20% p.j. op die verminderdesaldo-metode. Die totale waardevermindering vir die finansiële jaar beloop R83 200.
- Op 29 Februarie 2024 is 'n voertuig wat R200 000 gekos het, verkoop vir kontant van R118 000. Die besigheid het 'n verlies van R10 000 gemaak op die verkoop van dié bate.
- Waardevermindering op toerusting word bereken teen 15% p.j. op kosprys. Die maatskappy het besluit om in nuwe toerusting te belê aangesien die toerusting baie oud is. Die nuwe toerusting is op 1 November 2023 teen 'n totale koste van R150 000 gekoop.

D. Aandele en dividende

- Gemagtigde aandele bestaan uit 3 000 000 aandele.
- Op 1 Maart 2023, was daar reeds 1 000 000 aandele uitgereik.
- Op 1 November 2023, het die maatskappy 120 000 aandele teruggekoop teen R7,20 elk, wat 20% bo die gemiddelde prys is. Hierdie aandele kwalifiseer nie vir die finale dividende nie.
- 10% van die onuitgereikte aandele op 1 Maart 2023 is uitgereik teen R6,60 per aandeel op 22 Februarie 2024.
- 'n Finale dividend van 22 sent per aandeel is op 29 Februarie 2024 verklaar. Alle aandeelhouers op die aandeleregister kwalifiseer vir die finale dividend.

E. Die netto batewaarde per aandeel op 29 Februarie 2024 is 620 sent.

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
SA EXAM PAPERS
Blaai om asseblief

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

VRAAG 2.: KONTANTVLOEISTAAT EN INTERPRETASIE (40 punte; 32 minute)

DRUA BPK

Drua Bpk is 'n kleremaatskappy wat spesialiseer in die verkoop van rugbytruie en ander rugbyklere.

GEVRA:

2.1 Bereken die KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE afdeling van die Kontantvloeistaat deur die volgende te voltooi:

(a) Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal (4)

(b) Veranderinge in bedryfskapitaal. Jy moet ook aandui of dit 'n toename/ afname in die item is. Omkring of onderstreep die korrekte opsie voorsien in die ANTWOORDBOEK. (9)

(c) Inkomstebelasting betaal (4)

(d) Dividende betaal (3)

(e) Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite (6)

2.2 Bereken die KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE afdeling van die Kontantvloeistaat deur die volgende te voltooi:

(a) Behoue-inkomste-nota (5)

(b) Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite (5)

2.3 Die Kontantvloeistaat toon sekere belangrike besluite wat die direkteure gedurende die afgelope jaar geneem het. Verduidelik EEN goeie besluit en EEN swak besluit wat deur die direkteure geneem is. Verskaf berekeninge/syfers om jou antwoord te ondersteun. (4)

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
SA EXAM PAPERS
Blaai om asseblief

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

INLIGTING:

A. Uittreksel van 'n lys van saldo's op 31 Maart 2024 (na aansuiwerings):

	2024	2023
Verkope	13 500 000	
Koste van verkope	8 437 500	
Waardevermindering	?	
Rente op lening	185 000	
Netto wins voor inkomstebelasting	1 995 000	
Netto wins na inkomstebelasting	1 396 500	
Vaste bates (teen drawaarde)	2 314 000	2 884 000
Vaste deposito: Gen Bank	210 000	150 000
Gewone aandeelhouersekwiteit	11 200 000	9 675 000
Gewone aandelekapitaal	8 925 000	7 800 000
Behoue inkomste	2 661 750	1 875 000
Lening: BN Bank (14%)	?	1 425 000
SAID (Inkomstebelasting)	48 000 Cr	27 000 Dr
Aandeelhouers vir dividende	157 500	107 250
Handelsvoorraad	1 005 000	870 000
Verbruiksgoedere voorhande	14 250	13 400
Debiteurekontrole	122 800	139 400
Bank	1 456 700 Dr	413 670 Cr
Deposito vir water en elektrisiteit	30 000	15 000
Krediteurekontrole	89 200	104 300
SAID (LBS)	12 500	14 780

B. Addisionele inligting:

(i) Gewone aandelekapitaal:

- 1 500 000 aandele is gemagtig.
- 650 000 aandele is uitgereik aan die einde van die vorige finansiële jaar, 31 Maart 2023.
- 100 000 gewone aandele is uitgereik op 31 Januarie 2024.
- 'n Aantal gewone aandele is teruggekoop van ontevrede aandeelhouers. Hierdie aandele is teruggekoop teen R17,50 per aandeel; die gemiddelde prys is R12,75 ten tye van die terugkoop.
- 700 000 gewone aandele was reeds uitgereik aan die einde van die finansiële jaar, 31 Maart 2024.

(ii) Vaste bates:

- Geen vaste bates is aangekoop of verkoop gedurende die huidige finansiële jaar nie.

(iii) Lenings:

- Rente op lening is gekapitaliseer.
- Betalings (rente ingesluit) vir die jaar beloop R710 000.

SA EXAM PAPERS
Blaai om asseblief

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

(iv) Dividende:

- Die totale dividende vir die jaar, R372 250.

(v) Vaste deposito's:

- Addisionele belegging van R60 000 in vaste deposito gedurende die jaar.

40

VRAAG 3: ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE AANWYSERS

(35 punte; 28 minute)

3.1 Pas die kategorie van finansiële aanwysers met die korrekte beskrywing in die tabel hieronder. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 3.1.4 F.

A	Winsgewendheid
B	Likiditeit
C	Solvensie
D	Opbrengs
E	Risiko

3.1.1 Meet hoe goed die besigheid gedurende 'n finansiële periode presteer het (1)

3.1.2 Meet hoe goed die eienaar se belegging in die besigheid presteer het (1)

3.1.3 Meet die besigheid se vermoë om korttermynskuld te bestuur (1)

3.2 **JACKSON BPK**

Die volgende inligting hou verband met Jackson Bpk. Die finansiële jaar van die maatskappy eindig op 30 April.

GEVRA:

3.2.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig op 30 April 2024:

- Netto wins na belasting op verkope (3)
- Opbrengs op aandeelhouersekwiteit (4)

3.2.2 Lewer kommentaar op Jackson Bpk se vermoë om uitgawes te beheer. Haal finansiële aanwysers en syfers aan om jou antwoord te ondersteun. (3)

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
SA EXAM PAPERS
Blaai om asseblief

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

3.2.3 Die direkteure van die maatskappy voel dat die bedryfskapitaal gedurende die finansiële jaar verbeter het. Haal TWEE finansiële aanwysers en syfers aan wat die direkteure se opinie ondersteun. Lewer kommentaar op die syfers wat verskaf is. (6)

3.2.4 Die direkteure het besluit om 'n addisionele lening aan die begin van die finansiële jaar aan te gaan. By nabetragting dink sommige van die direkteure dat dit 'n swak besluit was. Bespreek die impak wat die addisionele lening op die besigheid gehad het. Haal finansiële aanwysers met syfers aan om jou antwoord te ondersteun. (6)

3.2.5 Jenny Gusto is 'n aandeelhouer van die maatskappy. Sy besit huidiglik 12 500 aandele en sy oorweeg dit om haar aandele te verkoop aangesien sy die maatskappy as onderpresterend beskou.

Voorsien EEN rede met finansiële aanwysers en syfers om Jenny se siening om haar aandele te verkoop, te ondersteun.

Voorsien EEN rede met finansiële aanwysers en syfers om Jenny te oortuig om haar besluit te heroorweeg en die aandele te behou. (6)

3.2.6 Bereken of Jenny 'n wins of verlies op die aandele sal maak indien sy dit nou verkoop. Jenny het twee jaar gelede, al die aandele teen 'n uitreikprys van R5,80 per aandeel aangekoop. (4)

INLIGTING:

A. Uittreksel van 'n lys van saldo's en totale vir die jaar geëindig 30 April:

	2024	2023
Verkope	6 750 000	5 940 000
Koste van verkope	4 500 000	3 960 000
Bedryfsuitgawes	1 180 000	1 120 000
Netto wins voor belasting	945 000	735 000
Inkomstebelasting (30%)	283 500	220 500
Handelsvoorraad	182 300	211 300
Gewone aandelekapitaal	3 900 000	3 600 000
Behoue inkomste	420 000	380 000
Aandeelhouers vir dividende	123 400	168 100
SAID (inkomstebelasting)	43 400	32 800

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

B. Finansiële aanwysers op 30 April:

	2024	2023
Netto wins na belasting op verkope	**?**	8,7%
Bedryfsuitgawe op verkope	17,5%	18,9%
Bedryfsverhouding	1,9 : 1	2,8 : 1
Vuurproefverhouding	1,2 : 1	0,6 : 1
Gemiddelde debiteure invorderingsperiode	35 dae	29 dae
Gemiddelde krediteure betalingstermyn	62 dae	40 dae
Opbrengs op aandeelhouersekwiteit	**?**	12%
Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	16%	18%
Skuld-ekwiteitsverhouding	1 : 1	0,4 : 1
Netto batewaarde per aandeel	805 sent	776 sent
JSE markprys per aandeel	702 sent	791 sent
Alternatiewe beleggings se rentekoers	7,5%	7,5%
Rentekoers vir rente op lenings	18%	14%
Kredietbeleid	30 dae	30 dae
Krediteure terme	60 dae	60 dae
Inflasiekoers	5%	4%

35

VRAAG 4: OUDITVERSLAE EN KORPORATIEWE BESTUUR (10 punte; 8 minute)

OUDITVERSLAE

Verwys na die uittreksel van 'n ouditverslag aan Broderick Bpk hieronder en beantwoord die volgende vrae.

4.1 Watter tipe ouditverslag het Broderick Bpk van die onafhanklike ouditeure, Vilakazi en Seun ontvang? (1)

4.2 As 'n aandeelhouer, verduidelik waarom jy oor hierdie ouditverslag bekommerd behoort te wees. Noem TWEE punte. (4)

4.3 Gee TWEE voorbeelde van ouditbewyse wat die ouditeure sal benodig om hul pligte uit te voer. (2)

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

INLIGTING:

UITTREKSEL UIT DIE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE

Basis vir ons mening

Die maatskappy se aankoopbeleid vereis dat aankope van meer as R500 000 deur die raad van direkteure goedgekeur moet word en deur drie kwotasies van onafhanklike verskaffers gesteun moet word.

Gedurende die jaar onder oorsig, het die maatskappy 'n voertuig teen 'n koste van R1 100 000 aangekoop. Dit is goedgekeur deur die HUB sonder verwysing na die raad. Slegs een kwotasie is ontvang.

Oudit mening

As gevolg van die belangrikheid van hierdie saak, was dit nie moontlik om voldoende ouditbewyse te verkry as basis vir ons oudit mening nie. Gevolglik kan ons nie 'n mening oor die finansiële state van Broderick Bpk vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024 uitspreek nie.

Vilakazi en seun, CA (SA)

4.4 **KORPORATIEWE BESTUUR**

Aandeelhouers en werknemers verbonde aan 'n maatskappy sal veral daarin belangstel of die maatskappy goed deur die direkteure beheer en bestuur word.

Volgens die Maatskappye Wet, 2008 (Wet 11 of 2008), moet 'n maatskappy 'n Vergoedingskomitee hê. Verduidelik die rol/verantwoordelikheid van hierdie komitee en gee 'n rede waarom dié komitee nodig is. (3)

10

TOTAAL: 150

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
SA EXAM PAPERS

EINDE

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Nie-bedryfslaste : Aandeelhouersekwiteit
(Handels & ander ontvangbares + Kontant en kontantekwitvalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien onderstaande nota)
$\frac{\text{Netto wins voor belasting + rente op lening}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwiteit + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersekwiteit}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Interim dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto wins na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	

NOTA:

* Indien daar 'n verandering in die aantal aandele is gedurende die finansiële jaar, word die geweegde gemiddelde aantal aandele in die praktyk gebruik.

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
SA EXAM PAPERS